

# DIE VOORTREKKERS

## TRANSVAAL

---

Gebiedsplan 2012



Die  
**Voortrekkers**

HOU KOERS

**TRANSVAAL**

# DOKUMENT INLIGTING

## *Dokument Beskrywing*

<b>Dokumenttipe:</b>	Werks- en Beplanningsdokument
<b>Dokumenttitel:</b>	Die Voortrekkers: Transvaal - Gebiedsplan 2012
<b>Datum Geskep:</b>	2011/10/28
<b>Datum Opdateer:</b>	2011/12/15
<b>Aantal Bladsye:</b>	63
<b>Samesteller:</b>	Willem Scholtz

## *Dokument Goedkeuring*

Hierdie dokument is op Saterdag, 29 Oktober 2011 (in konsep) deur die Gebiedsbestuur van Die Voortrekkers: Transvaal goedgekeur.

Vir verdere navrae rakende die goedkeuring en bekragtiging van hierdie dokument, asook die notule van die betrokke vergadering, kontak gerus GL Willie Wagner (by 082 912 3822 of [wagnerw@lantic.net](mailto:wagnerw@lantic.net)) of AGL Zandra Machin (by 082 775 1944 of [zandra@voortrekkers.org.za](mailto:zandra@voortrekkers.org.za)).

# INHOUDSOPGAWE

Dokument Inligting .....	2
Dokument Beskrywing .....	2
Dokument Goedkeuring .....	2
Inhoudsopgawe .....	3
1. Inleiding.....	6
2. Gebiedsdagbestuur.....	7
3. Gebiedsleier se Voorneme .....	8
3.1. Agtergrond: 2011 – Voortrekkers In Aksie .....	8
3.2. Voorneme vir 2012: Voortrekkers Voluit Vorentoe .....	11
3.2.1. Kritiese Suksesfaktore .....	11
3.2.2. Waardes .....	12
3.2.3. Gebiedsbestuur .....	13
3.2.4. Kommando- en Oordbesture .....	13
3.2.5. Staatmakers.....	14
3.2.6. Jeugrade.....	14
3.2.7. Gebiedskampe.....	14
3.2.8. Leierskapsontwikkelingsprogram (LOP).....	14
3.3. Slot.....	16
4. Strategiese Bestuur .....	17
4.1. Strategiese Beplanning vir 2012 .....	17
4.1.1. Fokus .....	17
4.1.2. Strategie vir 2012 – VOLUIT VORENTOE! .....	17
4.1.3. Ondersteuning, Evaluering en Meeting .....	17
4.2. VOLUIT VORENTOE – Inhoud .....	18
4.2.1. Gebiedsleier se Voorneme vir 2012 .....	18
4.2.2. Strategiese Aksieplanne en –stappe vir 2012 .....	19
4.2.3. Notas Rakende die Strategiese Aksieplanne en –stappe vir 2012.....	22
4.3. REDNOU.....	22
4.3.1. REDNOU – Uitbouing .....	22
4.3.2. REDNOU – Ondersteuning.....	22
4.3.3. Prosedure .....	22
4.4. Gebiedskomitee .....	23
5. Bemarking.....	24

5.1.	Uitkomste vir 2012.....	24
5.2.	Agtergrond.....	24
5.2.1.	Belangrike Elemente van Bemarking.....	25
5.2.2.	Praktiese Stappe vir Kommando's vir 2012.....	28
5.2.3.	Doelwitte vir Gebied en Oorde vir 2012.....	30
5.3.	Behoud van Lede Projek.....	31
5.4.	Bemakingswerkswinkels.....	32
5.5.	Bemakingstoerusting.....	32
5.6.	Voortrekkerdrag.....	33
5.7.	Afrikaanse Ekspo.....	33
5.8.	Gemeenskapswelsyn en Barmhartigheid.....	33
5.9.	Batebouernetwerk.....	34
5.10.	Gebiedskomitee.....	34
6.	Administrasie.....	35
6.1.	Uitkomste vir 2012.....	35
6.2.	Gebiedsjaarprogram.....	35
6.3.	Registrasie Proses.....	36
6.3.1.	Ouer en Kommando.....	36
6.3.2.	Kommandovlak.....	36
6.3.3.	Gebiedskantoor en AKL Administrasie.....	37
6.4.	Effektiewe Kommunikasie.....	38
6.5.	Samestelling van Oorde.....	39
7.	Finansies en Terreine.....	41
7.1.	Uiteensetting van Ledegeld.....	41
7.2.	Kommando Groeisubsidie.....	41
7.3.	Terreine en Fasiliteite.....	42
7.4.	Toerusting.....	44
7.5.	Gebiedskomitee.....	44
7.6.	Hartbeesfontein Terreinkomitee.....	44
7.7.	Tarentaalstraat Terreinkomitee.....	45
8.	Penkoppe en Drawwertjies.....	46
8.1.	Gebiedskampe 2012.....	46
8.1.1.	Hoëveld (31 Maart – 04 April).....	46
8.1.2.	Sentraal (31 Maart – 04 April).....	46
8.1.3.	Noordelik (04 – 08 April).....	46

8.1.4.	Jakaranda (04 – 08 April) .....	47
8.1.5.	Swartvlei (23 Junie – 01 Julie).....	47
8.1.6.	Venterskroon (28 September – 02 Oktober).....	47
8.1.7.	Oostelike PD.....	47
8.2.	Gebiedsgoedgekeurde Aktiwiteite (GGAs).....	48
8.3.	Voorslag Prospektus vir 2012 .....	52
8.4.	Gebiedskomitee .....	52
9.	Verkenners.....	53
9.1.	Gebiedskampe 2012 .....	53
9.1.1.	Roodeplaat Waterwerkkamp (01 – 08 April).....	53
9.1.2.	Lunsklip Selfbehoudkamp (31 Maart – 08 April).....	53
9.1.3.	Rhus Keeti Veld- en Avontuurkamp (01 – 08 April).....	53
9.1.4.	Thaba Veldwerkkamp (30 Maart – 05 April) .....	54
9.1.5.	Seejol (29 Junie – 08 Julie) .....	54
9.1.6.	Oewer Verkenningkamp (29 September – 02 Oktober).....	54
9.1.7.	Wilgedraai Waterwerkkamp (30 September – 06 Oktober).....	55
9.2.	Kentekendae .....	56
9.3.	Spesialisasies.....	59
9.4.	HW / PV Prospektus 2012.....	59
9.5.	Gebiedskomitee .....	59
10.	Volwasse Sake .....	60
10.1.	Volwasse Opleiding in 2012.....	60
10.1.1.	Voriesaamtrek (20 – 22 Januarie) .....	60
10.1.2.	Medemenskamp (02 – 04 Maart).....	60
10.1.3.	Boeredanskamp (23 – 25 Maart).....	60
10.1.4.	Opleidingsnaweek (01 – 02 Junie) .....	61
10.1.5.	Verkennerstaptoer (09 – 12 Augustus).....	61
10.1.6.	Veldkamp (07 – 09 September).....	61
10.2.	Kursusse vir Volwassenes op Gebiedskampe .....	61
10.3.	Volwasse Kursusse .....	62
10.4.	Aanbieding van Kursusse deur Kommando's .....	62
10.5.	Kundigheidslys .....	63
10.6.	“Hoe Om” Reeks .....	63
10.7.	Gebiedskomitee .....	63

# 1. INLEIDING

Oor 18 maande vind die volgende Kongres van die Voortrekkers plaas. Intussen is gebiede hard besig om te werk aan die nastrewing van ons wese, naamlik om as kultuurbeweging die moderne Afrikaner, in besonder sy jeug, te bemagtig om as positiewe Burgers en konsekwente Christene suksesvol te wees. Ook hier in die gebied Transvaal is ons volstoom besig om die aksieplanne en aksiestappe van doelwitte van Toekomsplan 2013 uit te voer.

Die jaarlikse Gebiedsplan is ons strategie vir die uitvoering van ons aksieplanne en –stappe en bevat noodsaaklike inligting vir die beplanning van Oord-, Kommando- en Span aktiwiteite vir die bepaalde jaar. Die Gebiedsplan vir 2012 is belangrik omdat dit rigtinggewend is vir beeldbou, groei, dienslewering en kwaliteit. Die WenPlan 2012 verskaf die aksieplanne en aksiestappe wat die genoemde vier fokusareas spesifiek aanspreek en wat ons help om VOLUIT VORENTOE te gaan.

Elke offisier, veldkornet, kommandoleier, Oordleier en lede van die Gebiedsdagbestuur behoort nou hierdie dokument te gebruik vir die beplanning van programme en planne vir 2012. Gebruik die Voorneme en Strategiese bestuursinsette om te bepaal waarheen die gebied op pad is. Pas die aksiestappe van Wen Plan 2012 toe en groei saam met die gebied!

Met waardering en opregte dank aan my kollegas van die Gebiedsdagbestuur en die GK Strategiese Bestuur vir hulle insig, bydrae en ondersteuning.



Dr Willie Wagner

Gebiedsleier Transvaal

## 2. GEBIEDSDAGBESTUUR



NAAM EN VAN	PORTEFEULJE	KONTAKBESONDERHEDE
Willie Wagner	Gebiedsleier	Kontaknommer: 082 921 3822 E-posadres: <a href="mailto:wagnerw@lantic.net">wagnerw@lantic.net</a>
Freek Eek	AGL Bemarking	Kontaknommer: 083 302 5898 E-posadres: <a href="mailto:eekf@ieee.org">eekf@ieee.org</a>
Zandra Machin	AGL Administrasie	Kontaknommer: 082 775 1944 E-posadres: <a href="mailto:zandra@voortrekkers.org.za">zandra@voortrekkers.org.za</a>
Niël Basson	AGL Finansies	Kontaknommer: 083 448 3816 E-posadres: <a href="mailto:radius1@mweb.co.za">radius1@mweb.co.za</a>
Mellanie Wright	AGL Penkoppe en Drawwertjies	Kontaknommer: 084 767 4608 E-posadres: <a href="mailto:hoedspruitvoortrekkers@webmail.co.za">hoedspruitvoortrekkers@webmail.co.za</a>
Nicolette Koukeas	AGL Verkenners	Kontaknommer: 082 912 5955 E-posadres: <a href="mailto:nikkik@iburst.co.za">nikkik@iburst.co.za</a>
Karin Stoffberg	AGL Volwasse Sake	Kontaknommer: 082 789 6002 E-posadres: <a href="mailto:karin.stoffberg1@gmail.com">karin.stoffberg1@gmail.com</a>

### 3. GEBIEDSLEIER SE VOORNEME

#### 3.1. *Agtergrond: 2011 – Voortrekkers In Aksie*

Die jaar 2011 sal sekerlik onthou word as die jaar van kontraste - van die wêreldwye euforie van twee koninklike troues tot die skok van 'n vernietigende aardbewing en tsoenami in Japan. Die wêreldwye ekonomiese resessie, steeds toenemende werkloosheid en armoede onder Afrikanergeleedere, sowel as 'n verswakte onderwysstelsel, gebrek aan dissipline en die verval van ons Christelik gefundeerde waardestelsel, raak die wese van ons volk aan. Op politieke gebied lewer die munisipale verkiesing vanjaar min verrassings op, terwyl politieke opswepery steeds voortgaan. Uiteenlopende politieke sieninge en politieke geïnspireerde aktiwiteite is ook besig om verdeling binne Afrikanergeleedere te veroorsaak - selfs historiese name is al 'n twispunt!

In bogenoemde situasie, wat sekerlik as negatief en somber ervaar kan word, is Die Voortrekkers vir talle Afrikanerkinders 'n enigste toevlug. Met ons huidige Grondslag en Wese is die Voortrekkerbeweging in baie gevalle, saam met die gesin, die enigste waardevasleggende geleentheid in die jong Afrikaner se lewe. Gereelde diagnostiese metings hierdie jaar dui daarop dat die ouers van ons jeuglede groot waardering en agting het vir die diens wat ons aan hulle kinders bied. Die ekonomiese en demografiese werklikhede is desnieteenstaande steeds besig om negatief op Voortrekkergetalle te impakteer. Ten spyte van al ons pogings, bly Voortrekkergetalle steeds tussen 10 000 en 11 000.

2011 was die “Jaar van Aksie” in Transvaal. Ons het tien aksieplanne – bekend as die WENPLAN – gekies waarmee ons tot aksie oorgegaan het. Ons vordering met implimentering, sowel as die effektiwiteit van uitvoering, is ge-assesseer deur kommandoleiers, offisiere en ouers. Uit hierdie assessering blyk dit dat ons goeie vordering en effektiwiteit toon met betrekking tot Doelwit 1 (Om 'n tevrede lede korps te ontwikkel en te behou), asook met Doelwit 5 (om 'n wêreldklas diens te lewer). Doelwit 3 (gedeelde persepsies) en Doelwit 4 (finansiële posisie) se implementering en effektiwiteit word steeds as gemiddeld beskou, terwyl Doelwit 2 (om goeie volwasse leiers te trek en te behou) onder verdenking is.

Ons sien in 2011 die volgende positiewe gebeure in Transvaal:

- Met volgehoue bemarking en ons “REDNOU” projek het ons gepoog om sukseselende kommando’s te help en om nuwe kommando’s te stig. Alhoewel ons met gemengde gevoelens na die resultate kan terugkyk, kan daar met vreugde en dankbaarheid gerapporteer word dat ons teen einde Mei 2011 reeds 5 000 lede in Transvaal gehad het.
- Die volgende kommentare uit ons vraelyste bevestig die besonder positiewe ervaring van ouers en dat hulle voel hulle kry wêreldklas diens:
  - “Dit wat die Vories vir my kind gebied het, 'n reuse aandeel in haar groei as mens. Dankie 1000!”
  - “Ek dink Voortrekkers is 'n moet vir elke kind. My dogter is al van graad 1 'n Voortrekker en geniet dit verskriklik baie. Die waardes wat die kinders by die Voortrekkers leer kan hulle toepas vir die res van hulle lewens. Ek wil dankie sê en asseblief hou so aan.”
  - “Voortrekkers is great! My kind geniet elke oomblik daarvan! Dankie vir al die wonderlike dinge wat julle vir die kinders bied.”
- Die kwaliteit van ons aktiwiteite is steeds besig verbeter steeds danksy die werk wat gedoen word deur ons gebiedskomitees – veral ten opsigte GGA's. In hierdie verband lui vraelyskommentare soos volg:
  - “Die kwaliteit van volwassenes in Die Voortrekkers bly my beïndruk!! Die inhoud van die Graadwielwerk en Spesialisasies is gepas vir elke ouderdom. Dit is 'n voorreg om deel van Die Voortrekkers te wees!!”
  - “Ons is dankbaar vir mense wat bereid is om hul tyd te gee om al die bedrywighede / leerervarings met ons kinders te deel. Dit is geweldig verreikend vir hulle. Ons het ook 'n 17-jarige wat geweldig baie geleer het deur die jare en vandag PV eksamen skryf. Weereens dankie aan 'n voortreflike diens!”
- Die meting van ons strategie deur middel van kort elektroniese vraelyste lewer beter resultate as lang papier gedrewe verslae wat met die hand voltooi moet word. Die drie primêre redes vir die gebruik van elektroniese vraelyste is soos volg:
  - Om ons in staat te stel om tydreeksanalise te doen en om ons vordering oor tyd te monitor.

- Ons kan vinniger reageer op omgewingsfaktore – ons is van jare af na maande. Transvaal is vandag meer aanpasbaar as ooit te vore, maar daar kort nog baie energie om die momentum volhoubaar te maak.
- Om by te dra tot gedeelde persepsie en beter kommunikasie veral t.o.v. Toekomsplan 2013.

**Kritieke Suksesfaktore.** Die vyf KSF's wat ons gedurende hierdie jaar nagestreef het, was geestelike Herlewing, Opleiding / Bemagtiging, Eensgesindheid, Dienslewering en Kommunikasie. Die volgende is waargeneem:

- **Geestelike Herlewing:** Alhoewel ons steeds voortgaan met die aanstelling van Geestelike Raadgewers en 'n algemene oplewing in ons geestelike programme, bv. by kommando funksies, waarneem, kan ons steeds met meer ywer en toegewydheid hieraan aandag gee.
- **Opleiding / Bemagtiging:** Na aanleiding van die insette wat van offisiere ontvang is, is daar 'n behoefte aan opleiding, maar is die geleenthede daarvoor tans nie geleë vir ons besige bestaan nie. Daar is dus steeds baie werk om in hierdie verband te doen en alternatiewe opleidingsgeleenthede / metodieke sal gevind moet word.
- **Eensgesindheid:** Daar kan met reg gerapporteer word dat daar 'n toenemende eensgesindheid binne die Voortrekkers Transvaal posvat. Pogings om onmin en / of wantroue te saai word toenemend in die kiem gesmoor. Binne die Gebiedsdagbestuur was daar verskeie meningsverskille en sieninge, maar ons het 'n definitiewe poging aangewend om dit te oorkom. Ons is tans verbind tot samewerking en vertroue en dien as voorbeeld van wat vermag kan word om eensgesind saam te kan werk.
- **Kommunikasie:** Kommunikasie is noodsaaklik vir effektiewe groei en funksionering. Misverstande, ongeligtheid en gebrek aan reaksie op versoeke dui daarop dat daar nog baie werk in hierdie verband gedoen moet word.

Teleurstelling en hartseer het ongelukkig nie agterweë gebly nie. Transvalers is siekte, beserings en selfs die dood nie gespaar nie – ons dink hier byvoorbeeld met leedwese aan Oud-Hoofleier Carel Boshoff. Die gebrek aan inskrywings vir ons offisiere opleidingsnaweek was 'n besondere teleurstelling. Ons het egter uit hierdie gebeure lesse geleer en staan sterker, ook in geloof, gereed vir 2012.

**Gevolgtrekkings.** In die lig van bogenoemde opsomming van gebeure en belewenisse die afgelope jaar, kan ons die volgende gevolgtrekkings maak, wat ons lei tot ons aksieplanne vir 2012:

- Gegewe die bedreigings teen ons beeld uit alle politieke oorde, is dit noodsaaklik dat ons in 2012 'n spesifieke beeldbou aksie sal loods om ons politieke onverbondenheid en waardegerigheid te bevestig
- In die lig van die verslegtende finansiële toestand van ons mense in die gebied, sal ons weer na ons kostestruktuur op alle vlakke moet kyk, ten einde te verhoed dat ons 'n Beweging vir gegoede stedelinge sal word. Diensvaardigheid en diensgerigheid moet ook na binne gerig word. Deur verkope en ander innoverende metodes, soos byvoorbeeld deur Seejol gebruik, kan ons vir ons behoeftige lede binne kommando's fondse genereer.
- In die lig van die mededinging vanaf skole om die tyd van kinders, behoort ons diens van nóg hoër gehalte aan te bied. Verder behoort ons te konsentreer op die opbou van dít wat tans in ons gemeenskappe besig is om te verval, naamlik ons waardes.
- Dit was ons "Jaar van Aksie" en ons het daarin geslaag om vooruit te gaan in terme van groei, dienslewering en eensgesindheid. Aangesien daar nog net een jaar oorbly om doelwitte te bereik, sal ons op eksplosiewe wyse moet groei in dienslewering en daardeur in getalle. Hiervoor is gebiedswye innoverende projekte nodig.

### **3.2. Voorneme vir 2012: Voortrekkers Volut Vorentoe**

Hiermee bevestig ek die termyn-visie van Transvaal, naamlik om Transvaal te laat groei om weer sy regmatige plek binne die totale Beweging in te neem – Transvaal is weer TRANSVAAL.

#### **3.2.1. Kritiese Suksesfaktore**

Ek bevestig ook die Kritieke Suksesfaktore, onveranderd vanaf 2011, wat noodsaaklik is om ons visie te bereik, naamlik:

- **Geestelike herlewing:** Ons praat nie net van die 'Groot C van die ABC' nie maar leef dit uit. Ons geloof in Christus is deel van elkeen van ons en ons

handhaaf deurentyd hoë morele waardes - want dan 'sal geen onheil jou tref en geen plaag naby jou woonplek kom nie' (Ps 91:10)

- **Opleiding / Bemagtiging:** Deur opleiding gee ons aan ons lede vaardighede en deur die afskaling van beheer en die vermeerdering van verantwoordelikhede bemagtig ons hulle die Voortrekkers tot voorkeuraktiwiteit te bestuur en te bemark.
- **Eensgesindheid:** Ons erken die diversiteit in belangstellings en voorkeure, maar tree as 'n eenheid op, ongeag persoonlike voorkeure – 'Eendrag maak mag'.
- **Dienslewering:** Elke Voortrekker is voorberei om te dien én te lei. Sonder die wil of vermoë om te lei en te dien, is alle pogings tot groei gedoem.
- **Kommunikasie:** 'n Gebrek aan kommunikasie lei tot 'n gebrek aan inligting en kennis, swak moreel, gebrek aan terugvoer en 'n gebrek aan nuwe idees. Transvaal kan nie bekostig om nié kommunikasie op alle vlakke te handhaaf en te verbeter nie.

### 3.2.2. Waardes

Ek bevestig ook die waardestelsel waarbinne ek as Gebiedsleier te alle tye sal optrede, met die vertroue dat elke Transvaler die waardes saam sal onderskryf. Hierdie waardes is:

- **Geloof**, in God, my volk en myself.
- **Respek**, vir myself, my medemens en die natuur.
- **Integriteit**, wat beteken ek is beginselvas, eerlik en betroubaar.
- **Trots** op myself, my volk en my land.

In die lig van die omgewingsfaktore soos bo verskaf, sowel as die positiewe en negatiewe faktore wat ons in ons "aksie" jaar beleef het, is dit my voorneme om saam as Transvaal voluit vorentoe te gaan in 2012 en eksplisief te groei in ons dienslewering deur die ontwikkeling van leiers binne en buite die Voortrekkers. Ons gaan ook daaraan werk om erkenning vir ons Voortrekkers by skole te kry deur Memoranda van Verstandhouding en om ons opleiding en mentorskap programme te verbeter. Die waardes van die Voortrekkers, soos implisiet vervat in alles wat ons vir ons jeuglede aanbied, moet sigbaar gemaak word deur daarvoor te praat en te skryf en as deel van ons geestelike herlewing uit te leef. Intussen gaan ons voort

met die verbetering van ons dienslewering aan mekaar – dienaar-leierskap moet nie net aan Verkenners geleer word nie, maar ook aan volwassenes. Kommunikasie na binne moet verbeter word deur die gebruik van die elektroniese media en vereenvoudigde administratiewe prosesse, terwyl dit na buite moet toeneem met positiewe boodskappe en berigging.

### **3.2.3. Gebiedsbestuur**

Soos voorheen ondersteun ons Toekomsvisie 2020 en gepaardgaande Toekomsplan 2013. Ons aksieplanne is hersien (Kyk Bylaag 1) en ons poog om die goeie diens wat reeds op alle vlakke geleer word, nog beter te maak, want ons strewende steeds na 6000 lede.

Ons is steeds besig om ons administratiewe- en rapporteringstelsels te vereenvoudig en elektronies te maak en lê in 2012 weer op alle vlakke klem op:

- Voortreflike Administrasie op alle vlakke.
- Noue skakeling tussen die Gebiedsdagbestuur, oordbesture en kommando-besture ten einde inligting te deel en kwessies betyds op te los.
- Deursigtigheid in ons optredes en aksies.
- DIENAAR-leierskap op alle vlakke. 'n Dienaar-Leier SO bestaan reeds vir Verkenners. 'n Soortgelyke verrykingskursus vir volwasse lede is noodsaaklik.
- Herbeplanning en implementering van die REDNOU-inisiatief.
- WAARDES word op elke moontlike geleentheid aangespreek en word deel van alle Voortrekkeraktiwiteite.

### **3.2.4. Kommando- en Oordbesture**

In 2011 het ons gekonsentreer op dienslewering op hierdie vlakke. In 2012 konsentreer ons op dienslewering en kommunikasie. Ons moet met mekaar, ouers en jeuglede kommunikeer en hulle ingelig hou – van span- en kommandoprogramme tot algemene span- en kommandonuus. Bemagtig offisiere en veral verkenners deur mentorskap en maak seker dat opvolgers voorberei word. Poog weer om in 2012 minstens twee opleidingsgeleenthede per oord aan te bied

### 3.2.5. Staatmakers

Transvaal het die meeste Staatmakers, maar dit is steeds 'n klein handjievol (5%) van die Matrieks wat jaarliks aanbly. Staatmakers poog in 2012 om hulle strukture en leierskader te vestig en gaan voluit om die struikelblokke van tyd, geld te oorkom, Voortrekkers weer "lekker" te maak en hulle geledere sodoende aan te vul. Dienslewering en mentorskap binne Staatmakergeledere word in 2012 voorop gestel.

### 3.2.6. Jeugrade

Jeugrade word bemagtig en aktief aangewend. Waar oordjeugrade nog nie bestaan nie en dit enigsins prakties is, word dit weer geaktiveer. Beide kommando- en oordjeugrade word opgelei en bemagtig om met die jeug te skakel en minstens een aktiwiteit in die oord / kommando aan te bied. Die Gebiedsjeugraad (GJR) werk in 2012 weereens aan hulle sigbaarheid en kommunikasie met die jeuglede in Transvaal. Die interne fokus van die GJR, met ander woorde binne Transvaal, word andermaal bevestig.

### 3.2.7. Gebiedskampe

In 2012 is ons kampe se fokus weer op koste-effektiwiteit, die uitleef van Christenskap en die handhawing van hoë morele waardes. Ten einde die diens binne ons kampe nog verder te verbeter, word verskeidenheid in kentekens aangemoedig.

### 3.2.8. Leierskapsontwikkelingsprogram (LOP)

As ons 'n eksplousiewe groei wil beleef, is daar, volgens Maxwell, net een plek om te begin – met leiers. Verder lui Toekomstvisie 2020 soos volg:

*"Om 'n beduidende rol te speel in die bemagtiging van jong Afrikaners, om as moderne Afrikaners, positiewe Burgers en konsekwente Christene suksesvol te wees."*

As Voortrekkers is ons voortdurend besig met leierskapsontwikkeling. As ons egter na ons Verkenners en volwasse lede se praktiese leierskapsvaardighede, d.i. be-

planning, opdragging, organisering, beheer, ens, kyk, word waargeneem dat daar besliste tekortkominge bestaan.

Ten einde ons visie uit te leef en terselfdertyd by te dra tot die eksplisiewe groei van ons volk en ons Beweging, pak ons in 2012 'n projek aan waar ons aan ons Verkenners, sowel as volwasse lede, praktiese leierskapsvaardighede leer. Hierdie Voortrekkers is dan ook toegerus om hierdie vaardighede aan nog Voortrekkers oor te dra. Op hierdie wyse groei die Voortrekkers met praktiese leierskapsvaardighede eksponensieel.

Terselfdertyd skakel ons op plaaslike vlak met skole en sluit hulle leiers in by ons ontwikkelingsgeleentheid. Die voorwaarde vir deelname aan die ontwikkelingsgeleentheid is die oordrag van die vaardighede aan nog leiers by die skool.

Die voordele verbonde aan hierdie projek is die volgende:

- Voortrekkers (Verkenners en volwasse lede), toegerus met leierskapsvaardighede, is in staat om die diens wat ons lewer nog beter en meer professioneel aan te bied.
- Deur ander leerders ook op te lei dra ons by tot die verbetering van die diens wat binne skoolverband aan ons kinders gelewer word.
- Beter samewering tussen kommando en skool ontstaan.
- Nie-Voortrekkers sien / beleef wat ons doen en kan by die Beweging aansluit

Die praktiese uitvoering sal deur 'n gebiedstaakgroep beplan en uitgevoer word.

### **3.2.9. Memorandum-van-Verstandhouding Projek**

Na aanleiding van die Leierskapsprojek en verbeterde verhoudinge met ons skole, word 'n Memorandum van Verstandhouding met ons voedingskole gesluit. Die verstandhouding in breë trekke lei tot erkenning van Voortrekkerprestasies deur die skool, sowel as logistieke en morele steun aan die plaaslike Voortrekkers. Vanaf Voortrekkerkant onderneem ons onder andere om hulp en opleiding te verskaf, bv. leierskapsopleiding.

### 3.3. Slot

Meerkatte is een van die kleinste roofdiere in Suider-Afrika. Ten spyte van hulle grootte sal meerkatte hulleself, hulle kleintjies en hulle kolonie tot die dood toe verdedig. Hulle krag lê egter in hulle vermoë om saam te staan en om (stert in die lug!) aan te hou – om voluit vorentoe te gaan.



Kom ons leer by die meerkat en staan saam in 2012 – gaan voluit vorentoe, tot uitbreiding van Sy Koningryk, tot die beswil van ons Afrikaner kinders en om Transvaal weer TRANSVAAL te maak.

## 4. STRATEGIESE BESTUUR

### 4.1. *Strategiese Beplanning vir 2012*

#### 4.1.1. Fokus

Na aanleiding van die ontleding van 2011, soos vervat in die Gebiedsleier se Voorneme vir 2012, is die fokus van die strategie vir Transvaal vir 2012, soos volg:

- Beeldbou
- Diens aan mekaar
- Kwaliteit Voortrekkers
- Eksplosiewe groei

#### 4.1.2. Strategie vir 2012 – VOLUIT VORENTOE!

Die Strategie vir 2012 word gelei deur ons wese en afgeleide doel, naamlik om die **Afrikanerjeug in die gebied Transvaal te bemagtig.**

Die volgende strategie word vanjaar toegepas:

- Kommando's bedryf Voortrekkers na die beste van hulle vermoë.
- Pas die Wen Plan vir 2012 toe as deel van gewone aktiwiteite.
- Toepassing van die Wen Plan geskied aan die hand van die voorgeskrewe kwartale.

#### 4.1.3. Ondersteuning, Evaluering en Meeting

##### a. Vraelyste

Vraelyste word, soos in 2011, weer e-pos uitgestuur en verwerk deur die GKSB. Die vraelyste word gestuur aan:

- Ouers
- Spanoffisiere
- Nuwe Spanoffisiere

*b. Terugvoer op Vergaderings*

Kort verslae, gebied-, sowel as oordvlak sal beskikbaar wees vir onderstaande vergaderings en gespreksgeleentede:

- Kommandobestuur
- Oordbestuur
- Gebiedsbestuur
- Volwasse Opleiding
- Informele Gesprekke / Kuiergeleentede

*c. Verslae*

Standaard verslae word per geleentheid voorgelê aan die gebiedsbestuurvergadering. Gedurende 2012 word gepoog om hierdie verslae ook te rekenariseer. Hierdie verslae sluit in:

- Jaarverslae
- Kort Oordleiersverslag

## **4.2. VOLUIT VORENTOE – Inhoud**

### **4.2.1. Gebiedsleier se Voorneme vir 2012**

Die Gebiedsleier se Voorneme vir 2012 verskaf riglyne vir die beplanning en uitvoering van strategieë en aktiwiteite in die gebied.

#### 4.2.2. Strategiese Aksieplanne en –stappe vir 2012

DOELWIT	AKSIEPLAN	AKSIESTAP	KWARTAAL
1.	1.1. Behoud van Lede	1.1.1. Speel tydens elke spanbyeenkoms	1, 2, 3, 4
		1.1.2. Hou ten minste een uitstappie per kwartaal	1, 2, 3, 4
		1.1.3. Behandel sinvolle onderwerpe tydens elke spanbyeenkoms	1, 2, 3, 4
		1.1.4. Maak een keer per kwartaal oets tydens spanbyeenkomste wat 'n kind huis toe kan neem om sy / haar ouers te wys.	1, 2, 3, 4
		1.1.5. Laat jeuglede toe om hul gawes, passies en style ten minste een keer per kwartaal met mekaar te deel,	1, 2, 3, 4
		1.1.6. Kom ten minste een keer per kwartaal by elke ouer (paar) van jou span uit.	1, 2, 3, 4
		1.1.7. Gee in die eerste kwartaal 'n graadwielboek vir elke ingeskrewe jeuglid.	1
		1.1.8. Oorhandig in die eerste kwartaal die volledige spanjaarprogram aan die jeuglede / ouers.	1
		1.1.9. Woon ten minste twee GGA's per jaar by.	2, 4
		1.1.10. Woon ten minste een gebiedskamp per jaar by.	2, 4
		1.1.11. Kry ten minste een kenner / kundige van buite Die Voortrekkers om 'n interessante aktiwiteit en / of praatjie aan te bied per semester.	2, 4
		1.1.12. Hou ten minste een spankamp per jaar.	4
	1.2. Werf nuwe Lede	1.2.1. Elke kind moet ten minste een keer per jaar 'n nie-Voortrekker vriend saambring na 'n Voortrekkeraktiwiteit	4
2.	2.1. Betrek Ouers	2.1.1. Spanoffisiere met hul span se ouers nader en seker maak dat hulle die vraelys voltooi.	1, 2, 3, 4

DOELWIT	AKSIEPLAN	AKSIESTAP	KWARTAAL	
		2.1.2. Vra ouers om 'n spesifieke funksie te verrig tydens 'n geleentheid (bv. jaarvergadering, afsluitingsfunksie, ens.)	1, 3	
		2.1.3. Nooi ouers uit om saam te kom op span- en kommandokampe.	4	
	2.2. Erfennisprojek	2.2.1. Identifiseer een projek vir die jaar (projekte kan oor meer as een jaar strek).	1	
		2.2.2. Definieer die doel van hierdie projek.	1	
		2.2.3. Vennoot is geïdentifiseer.	1	
		2.2.4. Vennote word gereeld gekontak en betrek.	1, 2, 3, 4	
	2.3. Skole	2.3.1. Daar word ten minste een keer per wartaal met kontakpersone van voedingskole geskakel.	1, 2, 3, 4	
		2.3.2. Kontakligting van voedingskole word bygehou.	1, 3	
		2.3.3. Voedingskole is geïdentifiseer.	1	
		2.3.4. Daar word ten minste een keer per jaar erkenning gegee aan personeellede wat Die Voortrekkers bevorder.	4	
	2.4. Volwasse Opleiding	2.4.1. Daar word ten minste twee informele opleidingsgeleenthede per jaar aan volwasse lede gebied.	1, 3	
		2.4.2. Woon ten minste een formele opleidingsgeleentheid per jaar by.	4	
		2.4.3. Induksie vir nuwe volwasse lede word ten minste een keer per jaar aangebied.	1	
		2.4.4. Word ten minste een keer per semester toegelaat om hul passies, gawes en style met ander volwasse lede te deel tydens kommandoaktiwiteite.	2, 4	
	3.	3.1. Belyning van Aktiwiteite	3.1.1. Tot watter mate word spanbyeenkomste belyn.	1, 2, 3, 4
			3.1.2. Tot watter mate word kommandoaktiwiteite belyn.	1, 2, 3, 4
3.1.3. Tot watter mate word oordaktiwiteite belyn.			1, 2, 3, 4	

DOELWIT	AKSIEPLAN	AKSIESTAP	KWARTAAL
		3.1.4. Tot watter mate word gebiedsaktiwiteite belyn.	1, 2, 3, 4
4.	4.1. Fondsinsameling	4.1.1. Hou ten minste twee fondsinsameling vir die kommando, per jaar.	2, 4
		4.1.2. Hou ten minste een fondsinsameling vir elke span, per jaar.	2, 4
5.	5.1. Kommunikasie	5.1.1. Bekom lede se volledige kontakbesonderhede en verseker dat hulle op die nodige kontaklyste is.	1, 2, 3, 4
		5.1.2. Gebruik tegnologie en sosiale netwerke om met lede en ouers te kommunikeer.	3
	5.2. Bestuur	5.2.1. Evalueer elke span se jaarprogram.	1
		5.2.2. Lewer elke semester 'n staat aan ouers wat 'n opsomming is van alle betalings ontvang en gelde oorbetaal.	2, 4
		5.2.3. Bied afbetalingsopsies aan ouers en lede.	2
5.2.4. Evalueer ten minste een spanbyeenkoms van elke span per jaar.	3		
5.2.5. Stel 'n brief saam en stuur dit aan elke ouer en volwasse lid waarin die koste van Voortrekkers duidelik gestel word asook die waarde wat daarvoor ontvang word.	3		

#### **4.2.3 Notas Rakende die Strategiese Aksieplanne en –stappe vir 2012**

Die volgende is belangrik rakende die gebruik van die Strategiese Aksieplanne en –stappe 2012:

- Elke aksieplan is verdeel in 'n aantal aksiestappe.
- Aksiestappe behoort in verskillende kwartale uitgevoer te word.
- Meting van die bepaalde aksiestap sal plaasvind aan die einde van die kwartaal waarin dit uitgevoer behoort te word.
- Meting vind weer plaas deur middel van drie tipes vraelyste, naamlik aan ouers, offisiere en kommandoleiers.

### **4.3 REDNOU**

#### **4.3.1 REDNOU – Uitbouing**

REDNOU uitbouprojek het ten doel om nuwe volhoubare kommando's met goed opgeleide volwassenes te begin en daarna die werwing van jeuglede aan te pak. Hier is die samewerking van die Oordleiers en hulle afsonderlike kommandoleiers van kardinale belang.

#### **4.3.2 REDNOU – Ondersteuning**

REDNOU ondersteuningsprojek help met die heropbou en vestiging van kommando's wat om verskeie redes besig is om agteruit te gaan, hetsy in terme van getalle, offisiere, omgewingsfaktore, ens. 'n Hele aantal kommando's en gemeenskappe het reeds hulp gevra en hulle is tans deel van die Rednou-Ondersteuningsprogram – elke omgewing se mense is betrokke by sy eie ondersteuning – die Rednouspan koördineer al die aktiwiteite en dra sorg dat nuwe lewe in kommando's met die nodige ondersteuning en kundigheid geblaas word.

#### **4.3.3 Prosedure**

Wanneer 'n Kommandoleier en / of Oordleier die behoefte aan steun of uitbouing identifiseer, word die saak aan die Oordvoog gerapporteer. Die Oordvoog sal die saak met die Gebiedsdagbestuur bespreek en 'n plan van aksie sal voorgestel word. Die Oordvoog, Oordleier en die Oorddagbestuur sal dan die hulpbronne identifiseer wat aangewend gaan word om ondersteuning te lewer. Die Gebiedsdagbe-

stuur sal ook konstant die vordering monitor en hulp verleen of addisionele bronne toeken waar nodig.

#### 4.4 **Gebiedskomitee**

NAAM EN VAN	PORTEFEULJE	KONTAKBESONDERHEDE
Willie Wagner	Voorsitter	Kontaknommer: 082 921 3822 E-posadres: <a href="mailto:wagnerw@lantic.net">wagnerw@lantic.net</a>
Willem Scholtz	Sekretaris	Kontaknommer: 082 823 9446 E-posadres: <a href="mailto:willem.scholtz@telkomsa.net">willem.scholtz@telkomsa.net</a>
Freek Eek	Bemarking	Kontaknommer: 083 302 5898 E-posadres: <a href="mailto:eekf@ieee.org">eekf@ieee.org</a>
Zandra Machin	Administrasie / Kommunikasie	Kontaknommer: 082 775 1944 E-posadres: <a href="mailto:zandra@voortrekkers.org.za">zandra@voortrekkers.org.za</a>
Billy Chamberlain		Kontaknommer: E-posadres: <a href="mailto:billyc@webafrica.org.za">billyc@webafrica.org.za</a>
Pieter Nel		Kontaknommer: 083 377 0348 E-posadres: <a href="mailto:pieter.nel2@transnet.net">pieter.nel2@transnet.net</a>
Ranya van Deventer		Kontaknommer: 084 476 9484 E-posadres: <a href="mailto:ranyavandeventer@gmail.com">ranyavandeventer@gmail.com</a>
Ettiene Bossert		Kontaknommer: 073 050 8030 E-posadres: <a href="mailto:ettiene.bossert@gmail.com">ettiene.bossert@gmail.com</a>

## 5. BEMARKING

### 5.1. *Uitkomst vir 2012*

- 5.1.1. Om deur ervaring 'n gedeelde persepsie in Die Voortrekkers Transvaal te ontwikkel oor wat ons benodig om die volgende doelwitte teen 2020 te kan bereik:
- Voortrekkers het 30% mark penetrasie onder Afrikanerkinders op skool in Transvaal.
  - Daar is ten minste 1 spanoffisier vir elke 8 jeuglede.
  - Daar is nog twee aktiewe volwasse lede (Jeugvriende of Heemrade) vir elke spanoffisier.
- 5.1.2. Om 'n lerende struktuur oor alle vlakke heen (kommando, oord en gebied) te vestig wat nodig is om die teorie van bemarking prakties in Die Voortrekkers toe te pas en met mekaar ervarings, suksesse en mislukkings te kan deel.
- 5.1.3. Om die leerproses in werking te stel deur werwings- en ander bemarkingsveldtogte en die ontleding van resultate.

### 5.2. *Agtergrond*

Bemarking is 'n redelike nuwe portefeulje in Die Voortrekkers, alhoewel daar al vir 'n geruime tyd Bemarkingskomitees was en Die Voortrekkers nog altyd bemark het, selfs op kommandovlak.


Die fokus van bemarking val op die uitbrei van die ledetal deur Die Voortrekkers se produkte te bemark, terwyl die lewering van die produkte en die kwaliteit daarvan nie onder bemarking val nie.

In Die Voortrekkers word ons produkte vervaardig en afgelewer deur offisiere. Daar is direkte kontak tussen die produsent en die kliënt. Verder word die besluit om te koop nie deur een persoon geneem nie. Daar is ten minste 'n kind, een of meer ouers en 'n volwasse lid betrokke in die besluit om te koop.

Die Voortrekkers se bemarkingstegnieke is dus die wat gebruik word in Besigheidsbemarring en nie Verbruikersbemarring nie. Ons het verskeie rolspelers wat die aankoopbesluit (hetsy die aanvanklike aankoop of die herkoop) beïnvloed en elkeen se behoeftes verskil.

Dit beteken ook dat die bemarking vir 'n “herkoop” (of herregistrasie of “behoud van lede”) oorgelaat word in die hande van die spanoffisier, tensy die kommando 'n spesifieke bemarkingstrategie vir bestaande jeuglede en ouers van bestaande jeuglede in plek het.

### 5.2.1. Belangrike Elemente van Bemarking



#### a. Produkte

Die uiteindelijke produk waarvoor 'n jeuglid aansluit en sy ouers hom of haar toelaat om aan te sluit is die aktiwiteite (spanbyeenkomste, kommando-byeenkomste, uitstappies, kampe en dies meer) wat Die Voortrekkers aanbied. Ouers teken in op 'n rangskikking van aktiwiteite wat op die einde van die dag bestaan uit 'n jaarprogram; in die besonder die spanjaarprogram en die aktiwiteite daarin vervat.

Ouers en kinders stel egter nie in dieselfde eienskappe van die produkte belang nie. Kinders stel meer in die pret, avontuur en samesyn belang, terwyl

die ouers meer belangstel in die geestelike waardes wat by die kind gevestig word en die ontwikkelingsvoordele wat Die Voortrekkers aan 'n kind bied.

Die kwaliteit van enige produk word bepaal deur die mate waarin dit aan die kliënt (ouers, jeuglede en volwasse lede) se behoeftes voldoen. Dit beteken dat die kwaliteit van Die Voortrekkers se produk primêr bepaal word deur die samestelling en aanbieding van die spanjaarprogram en die onderskeie aktiwiteite daarin vervat.

As ons Die Voortrekkers bemark, bemark ons dus ons aktiwiteite, vervat in programme en fokus op die eienskappe van hierdie aktiwiteite waarin spesifieke kliënte en / of potensiële kliënte die meeste in sal belangstel.

*b. Posisionering*

Ons posisioneer Die Voortrekkers as:

Vir kinders: Die LEKKERSTE MANIER om jou tyd te spandeer.

Vir ouers: Die BELANGRIKSTE AKTIWITEIT(e) vir jou kind se ontwikkeling.

Vir volwasse lede: Die BESTE MANIER om aan die gemeenskap terug te gee.

Die maklikste manier om Die Voortrekkers daar te posisioneer in die oog van kliënte, is om boodskappe aan hulle te lewer wat sê dit is wat Voortrekkers is, maar meer nog: om seker te maak dit is waar vir al ons aktiwiteite en spanjaarprogramme.

*c. Boodskappe*

Die boodskappe aan die drie rolspelers kan deur verskeie kanale afgelewer word. Die belangrikste is egter dat al die boodskappe (hetsy in koerante, tydskrifte, radiopraatjies, aanbiedings by skole, kerke en in kommando's op nasionale, gebieds- of plaaslike vlak) dieselfde posisionering moet oordra. Op hierdie wyse begin verskillende bemarkingsaksies en –veldtogte mekaar ondersteun.

Die eenvoudigste en doeltreffendste manier om kinders te oortuig dat hulle Voortrekkers wil wees, is om vir hulle beeldmateriaal te wys van wat Voortrekkers (veral hulle maats) doen. Dit beteken daar moet pret en avontuur sigbaar wees.

Die grootste rede waarom kinders nie aansluit nie, is hulle ouers. Om ouers te oortuig van die voordele van Voortrekkers moet gebruik gemaak word van feite en argumente wat geloofwaardig oorgedra word. Hier kan van inligtingstukke, artikels in koerantjies soos skoolkoerante of kerkblaadjies gebruik gemaak word. Dit is ook baie doeltreffend as iemand wat goed voorberei is met feite en argumente 'n geleentheid kan gebruik om ouers van die kinders toe te spreek. Hierdie is nie 'n eenmalige gebeurtenis nie en die boodskap moet soveel paslik by elke geleentheid gebruik word.

Dit is baie selde dat Volwasse Lede wat nie reeds op een of ander manier betrokke is by Die Voortrekkers nie, gewerf word. Dit is een van die redes waarom volwassenes soos ouers en ander kundiges by die spanjaarprogramme betrek moet word. Volwasse lede word gewerf en behou deur ouers en kundiges verantwoordelikhede en die geleentheid om Voortrekkers te ervaar, te gee. Op hierdie wyse word die las en verantwoordelikhede van offisiere ook minder en word dit dienoooreenkomstig minder uitdagend vir volwassenes om aan te sluit. Deur verantwoordelikhede te verdeel word 'n kommando effektief sterker. Die belangrikste bemarkingshulpmiddel om Volwasse Lede te werf is dus die kommando se kundigheidslys en die toesig dat soveel as moontlik volwassenes gebruik word om hul kundigheid te deel en te help om spesifieke spanaktiwiteite aan te bied of te vergemaklik.

d. Kanale

Die boodskappe word via kanale na die mark versprei. In die meeste gevalle loop hierdie kanale via 'n kontakpunt (soos 'n skool of 'n kerk) wat deur iemand anders ('n hekwagter) beheer word. Dit is belangrik dat Die Voortrekkers verhoudings met die hekwagters opbou en in stand hou. Dit beteken dat hierdie kontakpunte geïdentifiseer word en die verhoudings planmatig bestuur

word. Sonder hierdie verhoudings is dit bitter moeilik om by die mark (kinders en ouers) uit te kom.

### 5.2.2. Praktiese Stappe vir Kommando's vir 2012

Alhoewel die doelwitte langtermyn is, is daar praktiese stappe wat ons onmiddellik sonder veel moeite kan implementeer wat nie net ons werwingsgetalle behoort te beïnvloed nie, maar ons ook 'n gedeelde platform kan gee waarvandaan ons kan leer.

Vir baie meer praktiese wenke, lees hoofstukke 4 tot 6 van "Voortrekkerkommando aan die werk".

#### a. Produk Kwaliteit

Doelwit 1: Spanjaarprogramme is saamgestel uit aktiwiteite wat aan die kind en die ouer se behoeftes voldoen.

Stap 1.1: Stel vereistes binne die kommando aan span- en kommandojaarprogramme en aktiwiteite wat verseker dat beide die kind se behoeftes (Pret, Avontuur, ens) en die ouer se behoeftes (kind se ontwikkeling) voldoende aangespreek word in die program.

Stap 1.2: Maak seker dat spanjaarprogramme opgestel word in samewerking met ervare en opgeleide offisiere.

Stap 1.3: Maak seker dat elke spanjaarprogram uitstappies, spankampe en aktiwiteite wat deur kundiges buiten die offisier aangebied word, bevat.

Stap 1.4: Maak ouers betrokke by die opstel en aanbied van die jaarprogram gegewe die behoeftes en graadwielwerk.

#### b. Werk en Behoud van Volwasse Lede

Doelwit 2: Kommando's betrek ouers en ander volwassenes by span- en kommando-aktiwiteite. Volwasse lede gaan ophou met Voortrekkers. Hulle gaan verhuis of omstandighede gaan verander. 'n Kommando behoort 'n plan B vir elke spanoffisier in plek te hê. Die grootste verliese aan jeuglede vind plaas wanneer 'n volwasse lid ophou en daar nie 'n plan B is nie. As 'n duimreël kan

kommando's verwag om jaarliks ongeveer 10% van hulle offisiere te verloor.. Die mikpunt moet dus wees om ongeveer 20% nuwe offisiere te werf.

Stap 2.1: Hou 'n lys van die kundighede en vaardighede van ouers en ander belangstellendes in die omgewing by.

Stap 2.2: Maak iemand in die kommando verantwoordelik om toe te sien dat elke persoon op die lys se kundigheid of vaardigheid ten minste twee keer in 'n jaar in 'n spanaktiwiteit of kommando-aktiwiteit benut word. Dit neem onder andere die druk van die spanoffisiere af. Aangesien hierdie ouers en belangstellendes die grootste bron van nuwe offisiere gaan wees, kan hierdie as deel van die bemarkingsplan gesin word.

Stap 2.3: Hou aktiwiteite wat gereël word om na die ouers se behoefte om te sien. Dit sluit in kuiergeleenthede, praatjies oor die opvoeding of ontwikkeling van die kinders deur kundiges of net lewensvaardighede waarin volwassenes sal belangstel.

Doelwit 3: Volwasse lede voel tuis en nodig in Die Voortrekkers.

Stap 3.1: Hou aktiwiteite waarvan die doel suiwer is om spangees onder volwasse lede te bou.

Stap 3.2: Maak seker soveel volwasse lede (offisiere, jeugvriende en heemrade) as prakties uitvoerbaar kry belangrike verantwoordelikhede en funksies wat in hulle aard pas vir kommando-aktiwiteite of binne die kommando. Skep "poste" in die kommando indien nodig om seker te maak elke volwassene kry die geleentheid om te groei.

c. Worf en Behoud van Jeuglede

Doelwit 4: Kommando's werf meer as 40% nuwe jeuglede. Dit is belangrik om te beseft dat 'n kommando jaarliks tipies 20%-30% van sy jeuglede gaan verloor. Om nie te krimp nie, moet elke kommando dus ten minste die verhuisings en skoolverlaters vervang wat beteken meer as 30% nuwe lede moet gewerf word net om getalle konstant te hou.

Stap 4.1: Maak 'n volledige lys van elke kontakpunt (bv. skool of kerk) met die mark.

- Stap 4.2: Maak een persoon vir elke kontakpunt verantwoordelik om die verhouding met die kontakpunt te bou en in stand te hou.
- Stap 4.3: Beplan hoe werwing en voortdurende bemarking (sigbaarheid en beeldbou) by elke kontakpunt deur die jaar onder die kinders en die ouers gedoen gaan word.
- Stap 4.4: Hou 'n gekonsentreerde werwingsveldtog by elke kontakpunt (skool en / of kerk) met bestaande jeuglede gehou sodat al die potensiële jeuglede en 50% van hulle ouers ten minste een keer binne een week die onderskeie boodskappe ontvang. Die beste week is die eerste skoolweek in Januarie.
- Stap 4.5: Die ouers en kinders moet weet wat Die Voortrekkers wil hê hulle volgende moet doen (bv. Belangstellingsbriefies by die kantoor inhandig).
- Stap 4.6: Maak seker elke "leidraad" word volledig opgevolg. Die helfte van die potensiële jeuglede word tipies verloor tussen waar hulle hul belangstelling aandui en waar hulle aansluit.
- Stap 4.7: Volg elke jeuglid wat belangstelling begin verloor op en stel vas waarom.

Doelwit 5: Ouers en jeuglede weet waaruit die jaarprogram bestaan en wat elke aktiwiteit hulle bied.

- Stap 5.1 Maak ouers betrokke by die opstel en aanbied van die jaarprogram gegewe die behoeftes en graadwielwerk.
- Stap 5.2: Laat elke span ten minste een ouervergadering hou sodat ouers kan "help" om te verseker die jaarprogram is in lyn met die ontwikkelingsbehoefte van die kind, sy / haar ouers en die graadwielwerk.

### 5.2.3. Doelwitte vir Gebied en Oorde vir 2012

Alhoewel die doelwitte langtermyn is, is daar praktiese stappe wat ons onmiddellik sonder veel moeite kan implementeer wat nie net ons werwingsgetalle behoort te beïnvloed nie, maar ons ook 'n gedeelde platform kan gee waarvandaan ons kan leer.

- a. Elke kommando en oord het 'n verteenwoordiger wat fokus op Bemarking.

- b. 'n Forum waar Bemerkingsverteenwoordigers vir kommando's en oorde idees en suksesse uitruil bestaan en word aktief gebruik.
- c. Voldoende bemerkingsmateriaal wat die posisionering ondersteun is beskikbaar vir kommando's en kommando's weet hoe om dit te bekom.
- d. Kommandodagbesture verstaan die elemente van bemarking van Die Voortrekkers.
- e. Ten minste twee doelbewuste veldtogte om Die Voortrekkers te vestig in 'n dorp waar daar nie Voortrekkers is nie en niemand navraag gedoen het nie, is geloods en die resultate ontleed.
- f. Kommando's het ten minste twee volwassenes wat nie spanoffisiere is nie (ouers of belangstellendes) per spanoffisier wat as Jeugvriende of Heemrade geregistreer mag wees, wat gehelp met die administrasie van die kommando en / of verantwoordelikheid geneem het vir die aanbied van ten minste twee spanaktiwiteite of kommando-aktiwiteite elk.
- g. Kommando's het ten minste een kuiergeleentheid vir ouers van jeuglede.
- h. Alle skole as kontakpunte met 'n mark van meer as 100 potensiële lede binne Transvaal is geïdentifiseer. Verantwoordelikheid vir beplanning vir die ontginning en / of bestuur van die verhouding met die hekwagters van elkeen is toegewys aan die Gebiedsbestuur, 'n Oordbestuur of 'n Kommandobestuur.
- i. Die Voortrekkers se kontakpunte na bestaande markte is gedokumenteer en verhoudings met alle hekwagters word namens 'n geïdentifiseerde Voortrekkerbestuur planmatig bestuur.

### **5.3. Behoud van Lede Projek**

Die doel van hierdie projek is om die rede waarom lede Die Voortrekkers verlaat te moniteer en daarvoor verslag te lewer. Dit is baie belangrik dat wanneer 'n kommando vermoed dat 'n lid onaktief raak om dit dadelik met die lid op te volg. Om onaktiewe lede tydig op te volg stel die kommando in staat om die probleem aan te spreek en uit die weg te ruim om, sodoende hierdie lede te behou. Hoe langer daar gewag word om hierdie persone en probleme op te volg, hoe kleiner word die waarskynlikheid om hierdie lede te behou. Die korrekte vorms is op die webbladsy beskikbaar by: <http://www.voortrekkers.org.za/bemarking>.

#### 5.4. **Bemarkingswerkswinkels**

Die doel van die Bemarkingswerkswinkels is om gedeelde persepsies binne Die Voortrekkers Transvaal oor Bemarking te vestig. Hier word baie kreatiewe idees uitgeruil en kommando's en selfs offisiere binne kommando's leer ontsettend baie by mekaar. Oorde word gevra om ten minste een Bemarkingswerkswinkel in die jaar te reël.

Alle offisiere word gevra om ten minste een so 'n werkswinkel by te woon, aangesien Bemarking by bestaande lede en hul ouers op die einde van die dag ook by spanoffisiere berus.

#### 5.5. **Bemarkingstoerusting**

Daar is bemarkingstoerusting en –materiaal beskikbaar vir aankoop en / of huur. Hierdie hulpmiddels word voortdurend uitgebrei en kennisgewings sal uitgestuur word wanneer nuwe materiaal beskikbaar is.

Persone wat die Bemarkingskursus voltooi het, of 'n Bemarkingswerkswinkel bygevoon het, kom in aanmerking vir afslag met die aankoop van Bemarkingshulpmiddels. Kontak asseblief vir AGL Freek Eek in hierdie verband.

<b>TOERUSTING</b>	<b>BESKRYWING</b>	<b>WAAR BESKIKBAAR</b>
Binnenshuise baniere	Stelle van agt "Trek" binnenshuise optrekbaniere.	Te huur by Transvaal Gebiedskantoor.
Buitenshuise baniere	Traandruppels wat geplant word.	Kan ook aangekoop word via die depot.
Poskaarte	Voortrekker poskaarte.	Te huur by Transvaal Gebiedskantoor.
Plakkate	"Trek" plakkate in dieselfde tema as die optrekbaniere.	Kan ook aangekoop word via die depot.
Pamflette	Verskeie pamflette is beskikbaar en sal beskikbaar word. Elke pamflet is gerig op 'n spesifieke teikenmark	Die Voortrekkerdepot.
Besigheidkaartjies	Gestandaardiseerde Voortrekker besigheidkaartjies.	Die Voortrekkerdepot.
Bemarkings DVD	'n DVD met verskillende snitte vir verskillende teikenmarkte, asook bronmateriaal en omstandighede behoort teen Januarie beskikbaar te	Die Voortrekkerdepot.

TOERUSTING	BESKRYWING	WAAR BESKIKBAAR
	wees. Hierdie materiaal sal voortdurend opgedateer word.	
Bruissuiker	Indien voldoende bestellings vanuit die gebied ontvang word, sal Voortrekkerbruissuiker by tye beskikbaar wees.	Bestel by die Transvaal Gebiedskantoor.
Velplakkers	Velplakkers met die Voortrekkerwapen.	Bestel by die Transvaal Gebiedskantoor.

### 5.6. Voortrekkerdrag

